Die evangelie volgens

# MARKUS




Die laagste
KONING
MARKUS 15:16-32


DIE MISTERIE
word geopenbaar
MARKUS 15:33-47

33 Teen twaalfuur die middag het daar
duisternis oor die hele land gekom en dit het tot
tot drie-uur geduur. 34 Om drie-uur het Jesus hard
uitgeroep: "Eloï, Eloï, lemá sabagtani?" Dit
beteken: My God, my God, waarom het U My
verlaat?

MARKUS 15:33-47

35 Toe party van die mense wat daar naby
gestaan het, dit hoor, sê hulle: “Hoor daar, hy
roep vir Elia.”
36 Een van hulle het toe gehardloop, 'n spons in
suur wyn gesteek en dit vir Hom op 'n stok gehou
om te drink. Hy het gesê: “Wag, kom ons kyk of
Elia hom van die kruis kom afhaal.”

MARKUS 15:33-47

37 Daarna het Jesus hard uitgeroep en die laaste
asem uitgeblaas.
38 Die voorhangsel in die tempel het van bo tot
onder middeldeur geskeur.
39 Toe die offisier, wat reg voor Jesus gestaan het,
Hom die laaste asem só sien uitblaas het, het hy
gesê: "Hierdie man was werklik die Seun van
God."

MARKUS 15:33-47

40 Daar het ook vroue op 'n afstand gestaan en
kyk. Onder hulle was Maria Magdalena en
Maria die moeder van Klein-Jakobus en Joses,
en Salome. 41 Toe Jesus nog in Galilea was, het
hulle oral saam met Hom gegaan en Hom
versorg. Baie ander vroue wat saam met Hom
na Jerusalem toe gekom het, was ook daar.

MARKUS 15:33-47

42 Dit was Vrydag, dit is die dag voor die
sabbatdag, en dit was al die middag laat.
43 Josef van Arimatea, 'n vooraanstaande lid van
die Joodse Raad en iemand wat self ook
uitgesien het na die koms van die koninkryk van
God, kom toe daar aan. Hy het dit gewaag om
na Pilatus toe te gaan en die liggaam van Jesus
te vra.

MARKUS 15:33-47

44 Pilatus was verbaas om te hoor dat Hy al dood
is. Hy het die offisier laat roep en hom gevra of
Jesus lankal gesterwe het. 45 Toe hy van die
offisier verneem dat dit wel so is, het hy die lyk
vir Josef gegee.

MARKUS 15:33-47

46 Josef het 'n stuk linne gekoop, Jesus van die
kruis gaan afhaal, Hom in die linne toegedraai
en neergelê in 'n graf wat in die rots uitgekap
was. Hy het 'n klip voor die ingang van die graf
gerol. 47 Maria Magdalena en Maria die moeder
van Joses het gestaan en kyk waar Hy neergelê
word.

MARKUS 15:33-47


DIE MISTERIE
word geopenbaar
MARKUS 15:33-47